Saterdag 23 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 7:2-16	Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 7:9, 10, 11 (1953-vertaling)

Leef doelgerig as kind van die Here, al beteken dit jy veroorsaak droefheid

Om bedroef te wees, is vir geen mens aangenaam nie. Droefheid gaan gepaard met hartseer en swaar druk op die gemoed. Iemand wat droefheid veroorsaak, kan ook baie maklik as ’n “moeilikheidmaker” of selfsugtig bestempel word. Dit is egter nie die tipe droefheid waarvan Paulus hier praat nie.

Om bedroef te wees volgens die wil van God, is eerder ’n seën, want dit lei tot ’n onberoulike bekering. Dit beteken, niemand wat volgens die wil van God bedroef word, sal spyt wees nie, want bekering lei tot ’n besef van die ryke genade van God. Dit lei tot die besef van jou eie sonde en hoe onvergelykbaar groot God se genade teenoor jou is. Dit spoor jou aan tot verantwoordelikheid, ywer, ’n verlange na die Here. In kort, dit maak jou ’n kind van die Here.

Die oproep in hierdie gedeelte is met ander woorde om doelgerig die Woord van die Here te bedien, al veroorsaak dit droefheid. Dit beteken, vermaan waar vermaning nodig is, bou op waar opbou nodig is, in alles doen wat nodig is volgens die wil en tot die eer van die Here. Die bediening van die Woord van die Here, is die bediening van versoening. Dit saai die saad wat deur die krag van die Heilige Gees kan groei.

Dit is die Heilige Gees wat diegene wat volgens die wil van God bedroef is, troos. Dit is uiteindelik die Heilige Gees wat die ware bekering bewerkstellig, en die nuwe lewe gee wat ’n bekeerde kind van die Here lei tot ’n nuwe lewe van verantwoordelikheid en gehoorsaamheid tot eer van God.

Sing: Skrifberyming 20-2:1, 2, 7

Teologiese Student HC Andersen (Riaan)